

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur

200 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

VRAAG 1 VOORRAAD

(24 minute)

Verwys na die inligting aangaande JJ Cycle wat kragomsetters koop en verkoop en beantwoord die vrae wat volg:

- 1.1 Bereken die eindvoorraadwaarde soos op 30 April 2025 deur die geweeegde-gemiddelde-metode te gebruik.

Gemiddelde prys:

$$\frac{2\,225\,000 + 10\,361\,110 - 112\,375 - 52\,585}{500 + 2\,513 - 25 - 13}$$

$$\frac{12\,421\,150}{2\,975}$$

$$4\,175,18 \times 400 = 1\,670\,072$$

- 1.2 Bereken die bruto wins vir die jaar soos op 30 April 2025.

Verkope (2 483 × 5 540)	13 755 820
Verwys na 1.1	
Koste van verkope (12 421 150 – 1 670 072)	(10 751 078)
Bruto wins	<u>3 004 742</u>

- 1.3 JJ Cycle vermoed diefstal van handelsvoorraad in die onderneming en het GKTV-kameras geïnstalleer. Ten spyte van hierdie interne beheermaatreël is JJ Cycle seker dat kragomsetters gesteel is.

- 1.3.1 Doen 'n berekening om te bevestig dat JJ Cycle korrek is oor die diefstal van handelsvoorraad.

$$2\,975 - 2\,483 - 400 = 92 \text{ kragomsetters}$$

1.3.2 Verskaf **TWEE (2)** bykomende interne beheermaatreëls wat JJ Cycle kan implementeer om diefstal in die onderneming te voorkom.

• Installeer 'n sleutelkaart-/biometriese toegangsbeheerstelsel om toegang tot slegs gemagtigde personeel te beperk.
• Gereelde versoening van fisiese voorraad met die rekords volgens die stelsel en bespreur teenstrydighede gou.
• Verdeling van pligte – dit is om te verseker dat geen enkele werknemer volledige beheer oor die voorraadproses het nie.
• Sorg vir sekuriteitskontrolepunte by die uitgangsdeur.
• Installeer 'n sekuriteitskyfie op elke kragomsetter wat uitgevee word by die kasregisterpunt.

1.4 Bereken die gemiddelde voorraadhou tydperk in dae.

$\frac{\frac{1}{2}(2\,225\,000 + 1\,670\,072)}{10\,751\,078} \times \frac{365}{1}$ $\frac{1\,947\,536}{10\,751\,078} \times \frac{365}{1}$ 66,12 dae

1.5 Verskaf **TWEE (2)** voordele daarvan om voorraad (kragomsetters) vir meer as twee maande te hou.

• Help onderneming om aan hoër vraag te voldoen sonder om uit voorraad te wees. Dit verseker deurlopende voorsiening aan klante gedurende spitsstye.
• Help die onderneming om ontwigting as gevolg van verskaffervertragings of onvoorsiene gebeurtenisse wat voorraadaanvulling kan beïnvloed, te versag.
• Dit beskerm die onderneming teen skielike prysstygings.
• Verminder die frekwensie van bestel- en aanvulsiklus. Dit sal koste rakende die bestel van die voorraad verminder.
• Voorsien die onderneming van 'n geleentheid om op 'n skielike vraag na en toename in sy bedrywighede te reageer.
• Voer bestellings vinnig uit en kweek deurlopend vertroue in die handelsmerk.

- 1.6 Verskaf **TWEE (2)** moontlike redes waarom JJ Cycle kragomsetters (voorraad) aan 'n plaaslike skool skenk.

• Versterk die leeromgewing, wat leerders in staat stel om toegang tot tegnologie en praktiese toepassings in hul onderrig te verkry tydens beurtkrag.
• Versterk bande met plaaslike gemeenskappe, wat tot groter handelsmerklojaliteit lei en klandisiewaarde ondersteun.
• Belastingvoordele of -aftrekkings.
• Open deure vir toekomstige samewerking soos internskapprogramme, opvoedkundige werkwinkels of loopbaanontwikkeling.
• Ondersteun minder bevoorregte leerders.

- 1.7 "'n Voorraadomsetsnelheid van 4 tot 8 keer per jaar vir elektronika en soortgelyke produkte word as gesond beskou." JJ Cycle het 'n voorraadomsetsnelheid van 5,52 keer per jaar. Verskaf **TWEE (2)** punte wat die implikasie van hierdie verhouding vir die onderneming aandui.

Dit dui vinniger voorraadomset en beter likiditeit aan.
Dit toon dat JJ Cycle sy voorraad doeltreffend bestuur; dit verwys na die getal kere wat voorraad binne 'n tydperk verkoop en vervang word.
Hoe hoër die omsetsnelheid is, hoe beter die kontantvloei in die sin dat die voorraad vinniger verkoop word, dus word houkoste verlaag en kapitaal vrygestel.
Dit sal beteken dat die prestasie goed is wat verkope betref in die veronderstelling dat die voorraad konstant gehou word.
Daar is 'n goeie vraag na produkte en dit beweeg goed.

- 1.8 Verskaf **EEN (1)** moontlike rede waarom 'n onderneming sy voorraad teen 'n vaste prys vir die jaar verkoop.

• Voorsien prysstabiliteit aan klante.
• Beter beraming van verkoopsvolume en finansiële prestasie vir die jaar.
• Vereenvoudig voorraadbestuur en prysbesluite.
• Verminder die behoefte aan gereelde prysaanpassings.
• Maak verkoopsproses vaartbelyn en minimaliseer die administrasielas wat met prysveranderinge deur die jaar geassosieer word.

VRAAG 2 MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE
(29 minute)

Verwys na die inligting aangaande Dimpho Bpk. en beantwoord die vrae wat volg:

- 2.1 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 April 2025. Toon berekeninge tussen hakies om gedeeltelik punte te verdien.

	Aant.	
Verkope		8 505 000
(8 505 000 – 67 500) 8 437 500 × 100/125 + (67 500 × 100/90 × 100/125))		(6 810 000)
Koste van verkope (6 750 000 + 60 000)		
Bruto wins		Moenie bereken nie
Ander bedryfsinkomste		Moenie bereken nie
Huurinkomste (197 046 + 19 046)		216 092
Kommissie-inkomste (150 703 – 13 943)		136 760
Voorsiening vir oninbare skuld-aansuiwerings		5 031
Wins op verkoop van toerusting		750
Bruto bedryfsinkomste		Moenie bereken nie
Bedryfsuitgawes		Moenie bereken nie
Ouditgelde		68 758
Diverse uitgawes		70 300
Munisipale gelde		39 500
Salarisse en lone		283 275
Direkteursgelde (790 250 + 27 250)		817 500
Verpakkingsmateriaal (61 925 – 4 925)		57 000
Afslag toegestaan (15 825 – 450)		15 375
Handelsvoorraadtekort		6 350
Waardevermindering (20 625 + 337 575)		358 200
Bedryfswins		Moenie bereken nie
Rente-inkomste (23 375 + 13 750)		37 125
Wins voor rente-uitgawe (352 350 + 22 150)		374 500
Rente-uitgawe (266 000 – 243 850)		(22 150)
Netto wins voor belasting (246 645 × 100/70) OF (105 705 × 100/30) OF (105 705 + 246 645)		352 350
Inkomstebelasting (246 645 × 30/70)		(105 705)
Net wins na belasting		246 645

Berekeninge:	
Huurinkomste	Rente op vaste deposito
$197\,046 = 10J + 1.07J$ $197\,046 = 11.07J$ $J = 17\,800 - \text{huur voor 'n verhoging}$ $\text{Huur na 'n verhoging} = 17\,800 \times 1.07 = 19\,046$	$550\,000 \times 9\% \times 9/12 = 37\,125$
Direkteursgelde	
$327\,000 \times 2 = 654\,000$ $327\,000 \times 6/12 = 163\,500$ $654\,000 + 163\,500 = 817\,500$ OF $327\,000 / 12 = 27\,250$ $27\,250 \times 30 \text{ maande} = 817\,500$ $\text{Opgelope uitgawes} = 817\,500 - 790\,250 = 27\,250$	

2.2 Voltooi handels- en ander ontvangbare rekeninge as 'n aantekening by die Staat van Finansiële Posisie. Toon berekeninge tussen hakies om gedeeltelik punte te verdien.

Netto handelsdebiteure	683 748
$(8\,550 - 5\,880) + (8\,550 \times 5/95)$	701 280
Handelsdebiteure $(700\,500 - 2\,670 + 450 + 3\,000)$	
Voorsiening vir oninbare skuld $(22\,563 - 5\,031)$ $(701\,280 \times 2.5\%)$	(17 532)
Opgelope inkomste $(19\,046 + 13\,750)$ Verwys na die berekening hierbo	32 796
SAID: Inkomstebelasting $(125\,850 - 105\,705)$	20 145
	736 689

2.3 Voltooi die Bedryfsbatesafdeling van die Staat van Finansiële Posisie vir die jaar geëindig 30 April 2025. Toon berekeninge tussen hakies om gedeeltelik punte te verdien.

BATES	
Bedryfsbates	1 861 864
Voorraad $(1\,038\,500 - 6\,350 + 4\,925)$	1 037 075
Handels- en ander ontvangbare rekeninge Verwys na 2.2	736 689
Kontant en kontantekwivalente $(85\,430 + 2\,670)$	88 100

VRAAG 3 VERVAARDIGING
(26 minute)

Verwys na die inligting aangaande Keyona Handelaars en beantwoord die vrae wat volg:

3.1 Voltooi die volgende aantekeninge:

3.1.1 Direkte materiaalkoste

Beginvoorraad	1 192 950
(67 500 × 100/4)	
Netto aankope (1 687 500 – 67 500 + 225 000)	1 845 000
Vraggeld op aankope	46 500
	3 084 450
Eindvoorraad	(930 450)
Direkte materiaalkoste	2 154 000

3.1.2 Direkte arbeidskoste

20 × 37,50 × 140	
Salarisse en lone (3 165 750 – 594 000 – 105 000) × 80%	1 973 400
Direkte arbeidskoste	1 973 400

3.1.3 Fabrieksboekoste

Indirekte materiaal (84 600 + 555 000 – 225 000 – 274 650)	139 950
Water en elektrisiteit (618 600 – 32 100 – 55 200) × 70%	371 910
Versekering (117 000 + 24 000) × 3/6	70 500
Huuruitgawe (877 500 + 67 500) × 5/8	590 625
Indirekte salarisse (594 000 + 54 000 + 105 000)	753 000
–1 indien reklame opgeteken word (vreemde inskrywing)	
Fabrieksboekoste	1 925 985

3.1.4 Koste van klaarprodukte verkoop

Beginvoorraad klaarprodukte	1 908 960
Koste van klaarprodukte gedurende die jaar geproduseer (verwys na 3.2)	5 893 275
	7 802 235
Eindvoorraad klaarprodukte (balanseerbedrag)	(1 226 835)
Koste van klaarprodukte verkoop/Koste van verkope (9 205 560 × 100/140)	6 575 400

3.2 Stel die Produksiekostestaats vir die jaar geëindig 30 September 2024 op.

	Aant.	
Direkte/Primêre koste (kontroleer die optelling)		4 127 400
Direkte materiaalkoste Verwys na 3.1.1		2 154 000
Direkte arbeidskoste Verwys na 3.1.2		1 973 400
Fabrieksbo-koste		1 925 985
Totale vervaardigingskoste		6 053 385
Goedere-in-bewerking aan die begin van die jaar		471 690
		6 525 075
Goedere-in-bewerking aan die einde van die jaar		(631 800)
Koste van produksie van klaarprodukte		5 893 275

3.3 Verskaf **TWEE (2)** moontlike redes waarom 'n vervaardigingsmaatskappy los werkers aanstel om met instandhouding en skoonmaak te help in plaas daarvan om personeel permanent aan te stel.

Bied buigsamheid aan die maatskappy om personeelvlakke aan te pas op grond van wisselende werksladingvereistes.
Koste-effektief in vergelyking met aanstel van permanente werknemers met byvoordele.
Help die maatskappy om hul prestasie en geskiktheid vir 'n permanente pos te assesser.
Voorkom dat daar te veel personeel is tydens tydperke van laer produktiwiteit.
Minder administratiewe werk – betaalstaat, geen voordele nie en wetlike verpligtinge.

3.4 Verskaf **TWEE (2)** moontlike redes waarom 'n vervaardigingsmaatskappy direkte materiaal aan verskaffers terugstuur.

Swak gehalte van direkte materiaal.
Direkte materiaal arriveer beskadig of in swak toestand.
'n Maatskappy het 'n oormaatvoorraad direkte materiaal.
Meer direkte materiaal deur die verskaffer afgelewer/fout in hoeveelheid ontvang.
Direkte materiaal raak verouderd vanweë ontwerpveranderinge, tegnologiese vordering of produkte wat gestaak word.
Direkte materiaal kan teen 'n laer koste by ander verskaffer gekoop word.

VRAAG 4 KONTANTVLOEISTATE
(41 minute)

Verwys na die inligting aangaande Dakalo Bpk.

- 4.1 Bereken die huidige finansiële jaar se netto wins na belasting. Gebruik die netto winsgrens van 40% wat gegee word (verwys na nommer 1 van die bykomende inligting).

$$\text{Omset: } 7\,287\,010 \times 125/100 = 9\,108\,762,50$$

$$\frac{\text{NWNB}}{\text{Omset}} = 0,40$$

$$\frac{\text{NWNB}}{9\,108\,762,50} = 0,40$$

$$\text{NWNB} = 3\,643\,505$$

- 4.2 Bereken die huidige finansiële jaar se waardeverminderingssuitgawes.

Toerusting:	Voertuie:
Verkoop: $135\,000 \times 15\% \times 6/12 = 10\,125$ Oud: $(1\,325\,900 - 135\,000) \times 15\% = 178\,635$ Noot: $360\,000 \times 15\% \times 6/12 = 27\,000$ <u>215 760</u>	Oud: $(3\,466\,250 - 810\,000) = 2\,656\,250$ $(2\,656\,250 - 1\,593\,750) \text{ OF}$ $10\,719\,589 - 8\,900\,500 - 756\,589 =$ 1 062 500 $1\,062\,500 \times 20\% = 212\,500$ Noot: $810\,000 \times 20\% \times 4/12 = 54\,000$ <u>266 500</u>

- 4.3 Voltooi die volgende aantekeninge by die Staat van Finansiële Posisie vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

4.3.1 Gewone aandelekapitaal	
Gemagtig	
1 545 000 gewone aandele	
Uitgereik	
1 030 000 gewone aandele uitgereik aan begin van finansiële jaar	10 300 000
206 000 bykomende aandele gedurende die jaar uitgereik teen R13	2 678 000
(214 924) aandele teruggekoop (gemiddelde prys R10,50)	(2 256 702)
1 021 076 gewone aandele uitgereik aan einde van finansiële jaar	Moenie bereken nie

Berekening: Bykomende aandele gedurende die jaar uitgereik

$$(1\,545\,00 - 1\,030\,000) = 515\,000 \times 40\% = 206\,000$$

4.3.2 Behoue inkomste	
Behoue inkomste aan die begin van die jaar	1 089 332
Netto wins na belasting vir die jaar (Verwys na 4.1)	3 643 505
(Verwys na die berekening van die gemiddelde aandeleprys)	
214 924 gewone aandele teruggekoop teen (15 – 10,50) R4,50	(967 158)
Dividende op gewone aandele	(2 765 674)
Tussentyds/betaal	802 637
Finaal/aanbeveel	1 963 037
Behoue inkomste aan einde van jaar	Moenie bereken nie

Berekening: Terugkoop van aandele (gemiddelde prys)

$$\frac{(10\,300\,000 + 2\,678\,000)}{(1\,030\,000 + 206\,000)} = \frac{12\,978\,000}{1\,236\,000} = R10,50 \text{ gemiddelde prys}$$

- 4.4 Gebruik die belasting betaal uit die Kontantvloeistaat (sien vraag 4.6) om inkomste-belasting vir die huidige jaar te bereken wat in die Staat van Omvattende Inkomste openbaar moet word.

$$(313\,427 + 100\,896 + 1\,147\,177) = 1\,561\,500$$

OF

$$(-313\,427 - 100\,896 - 1\,147\,177) = (1\,561\,500)$$

4.5 Voltooi die volgende aantekeninge by die kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:

4.5.1 **Versoening tussen wins voor belasting en kontant uit bedrywighede gegenereer.**

(Verwys na 4.1 en 4.4) Wins voor belasting (3 643 505 + 1 561 500)	5 205 005
Aansuiwerings ten opsigte van:	
(Verwys na 4.2) Waardevermindering (266 500 + 215 760)	482 260
Rente-uitgawe	124 836
Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal	5 812 101
Veranderinge in bedryfskapitaal:	(3 673 323)
Toename in voorraad (3 722 105 – 3 147 177)	(574 928)
10 075 473 – (7 388 135 – 1 147 177) → 6 240 958 Toename in debiteure (10 060 712 + 14 761) – (6 221 961 + 18 997)	(3 834 515)
Toename in krediteure (8 751 603 – 8 015 483)	736 120
Kontant uit bedrywighede gegenereer	138 778

4.5.2 **Dividende betaal**

Bedrag verskuldig aan die einde van die vorige jaar	1 111 475	(1 111 475)
Dividende betaal en aanbeveel	2 765 674	(2 765 674)
Bedrag verskuldig aan die einde van die huidige jaar	(1 963 037)	1 963 037
Bedrag betaal	1 914 112	(1 914 112)

- 4.6 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.
Toon ondersteunende berekeninge tussen hakies.

	Aant.	Moenie bereken nie
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontantgenerering uit bedrywigheide (Verwys na 4.5.1)		2 138 778
Rente betaal (4 778 + 124 836 – 5 881)		(123 733)
Dividende betaal (Verwys na 4.5.2)		(1 914 112)
Belasting betaal		(313 427)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		Moenie bereken nie
Tasbare bates gekoop (810 000 + 360 000)		(1 170 000)
Opbrengs uit verkoop van bates (1 197 117 + 135 000 – 50 625)		1 281 492
Verhoging in belegging (1 153 573 – 1 130 126)		(23 447)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		Moenie bereken nie
Opbrengs uit die uitreiking aandele (Verwys na 4.3.1)		2 678 000
Terugkoop van aandele (214 924 × R15)		(3 223 860)
Terugbetaling van lening (3 429 767 – 1 893 641)		(1 536 126)
Netto verandering in kontantekwivalente		(2 206 435)
(1 590 267 – 24 459)		1 565 808
Kontant en kontantekwivalente – begin van die jaar		
(224 373 – 865 000)		(640 627)
Kontant en kontantekwivalente – einde van die jaar		

Totaal: 200 punte